27 AUGUSTUS – 30 AUGUSTUS 2020

SPEELPARK AANSOEKVORM

1. Laai die aansoekvorm van die Yonder Hartsfees webwerf, **yonderhartsfees.co.za,** af, of stuur ‘n e-pos aan yonderhartsfeeskby@gmail.com en versoek ‘n vorm, of skakel 082 260 2181 vir hulp, of kom haal ‘n vorm by ons kantoor (George- straat 142, Kimberley, NC Glass & Aluminium).

2. Druk die vorm uit en **LEES** die hele vorm aandagtig deur. Parafeer op elke bladsy dat u die reëls en regulasies verstaan.

3. Voltooi die **HELE** vorm sorgvuldig. **Maak asseblief seker dat u e-pos adres en kontakbesonderhede duidelik is.** Moenie gapings laat nie.

4. Heg **FOTO’S** van u produkte en stalletjie, sowel as ‘n afskrif van die stalletjiehouer en stalletjiehulp se ID dokument, of paspoort, aan die vorm.

5. Stuur u voltooide vorm na yonderhartsfeeskby@gmail.com, of lewer af by NC Glass & Aluminium, Georgestraat 142, Kimberley, 8301.

GEEN FAKSE SAL AANVAAR WORD NIE!

6. Betaal die **VOLLEDIGE** bedrag verbonde aan u spasie sodra u die prys daarvoor vanaf Yonder Hartsfees ontvang het:

YONDER DEVELOPMENT
ABSA BANK
REKENING NR: 9334 296 396
TAKKODE: 632 005

7. Stuur **BEWYS VAN BETALING** na **yonderhartsfeeskby@gmail.com.**

8. Indien u geen terugvoer ontvang nie, skakel 053 082 260 2181 om te bevestig dat u aansoek wel ontvang is. Geen onvolledige aansoeke sal aanvaar word nie.

Die Speelpark aansoeke sluit **12 Junie 2020**. Keuring uitslae word **19 Junie 2020** uitgestuur. Laat aansoeke na 10 Julie 2020 sal teen ‘n 10% heffing hanteer word. **Geen telefoniese uitslag sal bekend gemaak word nie!**

STALLETJIEHOUER BESONDERHEDE:

Eienaar van besigheid naam:	
Stalletjiehouer naam:	
Naam van stalletjie:	
Selfoonnommer:	
Landlyn:	
E-pos adres:	
Pos adres:	
Gestremdheid:	
Ras:	Wit ☐ Swart ☐ Kleurling ☐ Asiër ☐
Spesifiseer asseblief ander	

BANKBESONDERHEDE:

Bank naam:	
Rekeninghouer naam:	
Rekening tipe:	
Rekening nommer:	
Takkode:	

SPEELPARK STALLETJIE BESONDERHEDE:

SPEELPARK ITEM/ ITEMS Noem Item (Byv. spring kastele, treintjie ens.)	GROOTTE SPASIE BENODIG Lengte / breedte	PRYS (Deur feeskomitee bepaal)	TOTALE BEDRAG

BESKRYWING VAN DIE SPEELPARK ITEM

SPEELPARK ITEM	BESKRYWING

Neem kennis.

- Speelpark item spasie - Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit
- Die prys sal deur die feeskomitee bepaal word in terme van die grootte en beskikbaarheid van die spasie en sal aan die stalhouer deurgegee word.
- Addisionele 15 amp kragpunte kan gevra word teen R600.00 per kragpunt. Dit sal beskikbaar gestel word mits daar beskikbaar is:

SPESIALE VERSOEKE

Die feeskomitee sal hulle beste doen om redelike versoeke te akkommodeer, maar daar is **geen WAARBORG NIE!**

Foto's. Heg asseblief foto's van die speelpark item/items aan.

Speelpark items word gekeur en slegs produkte wat veilig is en binne die kriteria van die Hartsfees val, sal aanvaar word. Indien u aansoek afgekeur word, sal u fondse binne 14 werksdae aan u terugbetaal word. **Die keuring deur die feeskomitee is FINAAL.**

REëLS EN REGULASIES

BETALINGS:

Aansoeke, sonder 'n bewys van betaling, sal nie oorweeg word nie. **Geen tjeks** word aanvaar nie. **GEEN DEPOSITO'S** sal aanvaar word nie. Slegs die volle bedrag!

BESIGHEIDSURE:

Die Speelpark is oop vir besigheid vanaf **09h00 – 20h00**. Stalletjiehouers met die nodige voertuig permitte en wat klaar geregistreer is, sal **Woensdag 26 Augustus 2020** van **09h00** tot **19H00** op die terrein toegelaat word om hulle stalletjie voor te berei. Gedurende die fees open die hekke vir stalletjiehouers om **07H30 in die oggende en alle voertuie moet om 08h30 uit die feesterrein verwyder wees**. Let daarop dat geen stalletjiehouer op die terrein toegelaat sal word, indien hulle nie geregistreer en in besit van die relevante toegang permitte is nie. In die aand sal voertuie toegang hê vanaf **20h00 – 20h30**. Alle uitstallers moet handeldryf tot Sondag, **30 Augustus 2020 om 13h00**. Geen voertuie sal voor **13h00** toegang verkry nie.

TOEGANG PERMITTE:

U ontvang **2 STALLETJIE-EIENAAR TOEGANG PERMITTE**. Dit verleen toegang aan 2 persone per dag. Indien u bykomende permitte benodig, kan stalletjiehulp permitte teen R120-00 per persoon gekoop word.

SPEELPARK ITEMS:

Alle speelpark items moet veilig vir kinders en feesgangers wees en moet voldoen aan al die veiligheid standaarde en vereistes wat vir die spesifieke item daar gestel is. Speelpark items wat nie vooraf goedgekeur is nie, sal van die feesterrein verwyder word.

ALKOHOL & SIGARETTE:

GEEN verkope van alkohol- of tabak/ tabakprodukte sal in die stalletjies toegelaat word nie.

KRAGPUNTE:

Elke stalletjie kry **EEN 15AMP KRAGPUNT** en **slegs een elektriese apparaat per kragpunt** word toegelaat. Stalletjiehouers moet hul **eie verlengkoorde** voorsien. Geen verlengkoorde mag enige veiligheidsrisiko bied nie. Daar is **GEEN 3 FASE KRAG** beskikbaar nie. Stalletjiehouers wat oortree deur krag te steel, sal verwyder word van die terrein sonder enige terugbetaling. Diegene wat elektriese onderbrekings veroorsaak sal aanspreeklik gehou word vir die skade.

AKKOMMODASIE:

Stalletjiehouers is verantwoordelik daarvoor om hul eie akkommodasie vooraf te reël. **GEEN STALLETJIEHOUERS WORD TOEGELAAT OM OP DIE TERREIN TE SLAAP NIE**. Oortreders en hul stalletjies sal verwyder word sonder terugbetaling. In die Yonder kampterrein, by die feesterrein, is 'n beperkte aantal 5mx7m kampeer plekke, met 'n waterpunt en 'n kragpunt van waar water gekry en krag getrek kan word, beskikbaar teen 'n bedrag van R50.00 per persoon per dag. Basiese stort en toilet geriewe is naby die kampeerterrein beskikbaar. Kampeer plekke kan by Alletha Schoeman by Yonder, 053 841 0532, gedurende kantoorure bespreek word.

KANSELLASIES:

Indien u na 19 Junie 2020 kanselleer, sal daar 'n 10% + BTW van u stalletjie prys as kansellasiefooi teruggehou word. Indien u egter na 15 Julie 2020 sou kanselleer, verbeur u u stalletjie fooi. **GEEN TERUGBETALINGS SAL GEDOEN WORD NIE**. Kansellasies moet skriftelik aan die Bestuurder van Markte gerig word. E-pos yonderhartsfeeskby@gmail.com.

SEKURITEIT:

Die feesbestuur doen alles moontlik om te verseker dat die feesterrein gedurende die tydperk van die fees veilig is, maar aanvaar geen verantwoordelikheid vir verliese nie. Likru Sekuriteit (053 8321675) is die alleen sekuriteit diensverskaffer van die fees en is beskikbaar vir individuele of groep sekuriteitsdienste op eie koste.

STALLETJIE STRUKTURE:

Die struktuur van die stalletjie se konstruksie moet veilig, stewig en wind bestand wees.

STOF:

Stalhouers sal daarby baat om 'n watergieter saam te bring om stalletjie-spasies nat te hou om sodoende stof te verminder.

VOORWAARDES & VRYWARING:

- Die fees kan nie aanspreeklik gehou word vir enige **verliese, skade** of **beserings** gely nie.
- **Geen onderverhuring** word toegelaat nie.
- Geen stalletjiehouers mag op die terrein **oornag** nie behalwe in die amptelike Yonder kampeerterrein.
- Reg van toegang word voorbehou. Die feesbestuur behou die reg voor om stalletjiehouers te **skors** indien hulle nie die reëls nakom nie, of hulself aan wangedrag skuldig maak.
- Die feesbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir die handhawing van **konsessie regte** tussen uitstallers nie. **Geen kompeterende logo's**, met betrekking tot die fees se amptelike borge, asook geen **vals handelsmerke** sal toegelaat word nie.
- **Bemarkingsmateriaal** (sambrele, pamflette, baniere) met ongemagtigde logo's of ongemagtigde verkope sal gekonfiskeer word.
- U moet u stalletjie vir die volle duur van die fees bedryf – geen uitsondering nie.

- Toegang vir voertuie is nie oral moontlik nie. Neem asseblief kennis hiervan indien u produkte swaar is. U moet in besit van ‘n voertuig toegang permit wees om toegang tot die feesterrein te verkry. en mag slegs die ingang, soos aangedui op die permit, gebruik.
- Stalletjiehouers is **self verantwoordelik vir die oprig van stalletjies**. Die fees voorsien slegs die spasie.
- Diegene wat die **toegekende spasie oorskry, sal beboet word**.
- Klagtes en knelpunte kan direk met die Bestuurder van Markte opgeneem word.
- Geen troeteldiere, alkohol of tabakprodukte word by stalletjies toegelaat nie.
- **SLEGS VOLLEDIGE AANSOEKE MET FOTO’S, BEWYS VAN BETALING EN ID DOKUMENTE SAL OORWEEG WORD. AANSOEKE WORD HANTEER SOOS DIT ONTVANG WORD.**
- **SLEGS PRODUKTE OP DIE AANVAARDING BRIEF GOEDGEKEUR, SAL TOEGELAAT WORD**.
- Stalletjiehouers se voertuie mag slegs in die stalletjiehouer parkeergebied geparkeer word. Die feesterrein is ‘n geen voertuig gebied. Geen voertuie mag binne die feesterrein tussen 08:45 en 22:00 geparkeer word nie.
- Verdere reëlings sal aan u deurgegee word op u aanvaarding brief indien u gekeur word.
- Vir algemene navrae, nie stalletjie verwant, kan u 053 841 0532 skakel.

KONTRAK

Ek, …….. (volle name en van) ID-nr./Paspoortnr. ……. die eienaar vir die bogenoemde handelsnaam, aanvaar al die voorwaardes in hierdie dokument. Ek het myself deeglik vergewis van alle inligting soos in hierdie dokument vervat en onderneem om myself te alle tye daarby te hou. Geteken op hierdie …….. dag van …… (maand) 2020 te ……. (dorp/stad).

…….. (Handtekening)